Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

Januarie 2020

WAT BYVOEGMIDDELS KAN EN NIE KAN DOEN NIE

Byvoegmiddels is ongelooflike produkte en indien dit reg gebruik word, sal dit die effektiwiteit van verskeie gewasbeskerming produkte (GBP) verhoog. Dit is egter belangrik om te besef dat byvoegmiddels ook tekortkominge het en nie 'n versekeringspolis teen swak praktyke is nie. In hierdie uitgawe gaan die moets en moenies van byvoegmiddels kortliks bespreek word.

Wat byvoegmiddels kan doen

Die ses hoofgroepe byvoegmiddels is buffers, sout byvoegmiddels, neerslag hulpmiddels, benatters, olies en kleefmiddels. Hierdie ses groepe produkte verbeter waterkwaliteit (sout byvoegmiddels & buffers), bestuur die druppel spektrum (neerslag hulpmiddels) en verhoog behoud, bedekking (benatters, olies & kleefmiddels), verspreiding van druppels (benatters & olies), enkapsulering (kleefmiddels) en opname van GBP (benatters & olies). Byvoegmiddels verminder dus die invloed van eksterne faktore en herstel die aktiwiteit tot op 'n vlak nader aan die GBP se potensiaal. Dit is belangrik om die korrekte byvoegmiddel te gebruik om spesifieke faktore aan te spreek asook om by etiketaanbevelings te hou.

Wat byvoegmiddels nie kan doen nie

Byvoegmiddels is nie 'n versekeringspolis teen ongeregistreerde tenkmengsels en praktyke nie. Dit verminder die invloed van eksterne faktore op GBP. GBP moet egter nog altyd volgens etiketaanbevelings en onder die regte klimaatsomstandighede toegedien word.

Byvoegmiddels is nie 'n manier om dosisse te verlaag nie. Dit behoort gebruik te word om die stabiliteit en effektiwiteit van die GBP te verhoog, en nie om dosisse te verlaag nie. Moet nooit 'n verlaagde en ongetoetste GBP dosis toedien nie, selfs wanneer byvoegmiddels gebruik word. Die doel van byvoegmiddels is primêr om effektiwiteit te verhoog, en nie om die GBP se dosis te verlaag nie.

Byvoegmiddels, indien dit reg gebruik word, dra nie tot gewasskade by nie. Anders as wat baie mense glo, maak dit gewoonlik nie die GBP "warm" nie. Byvoegmiddels herstel die aktiwiteit om meer van die GBP se potensiaal te bereik. Indien fitotoksisiteit voorkom, sal ander faktore heelwaarskynlik daartoe bygedra het. Hierdie faktore sluit verkeerde toediening, ongeregistreerde tenkmengsels, te veel komponente in die spuittenk, warm en droë toestande, lae humiditeit, ens in. Indien byvoegmiddels wel tot gewasskade bydra, sal dit heelwaarskynlik met een van die bogenoemde gepaardgaan. Ongeregistreerde en inkorrekte byvoegmiddel keuse mag egter wel tot gewasskade bydra, en moet vermy word.

Byvoegmiddels is nie wondermiddels nie. Dit is ontwikkel om GBP te stabiliseer en om effektiwiteit te verhoog. Moet nooit buitensporige aansprake oor byvoegmiddels glo nie. Indien dit te goed klink om waar te wees.....is dit dalk!

Villa se mening

Villa glo in die gebruik van byvoegmiddels omdat dit die effektiwiteit van spuitmengsels verhoog en stabiliseer. Daar is egter nog so baie mites oor byvoegmiddels wat uitgeklaar moet word.

Byvoegmiddels is nie wondermiddels nie en dit moet verantwoordelik gebruik word om effektiewe beheer van peste en onkruide te bewerkstellig.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

villa